Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 2: Noach (נח) – Noag

Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL[1]

Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel. Gen. 6:9 – 1933 Vertaling

This is the history of the generations of Noah. Noah was a just and righteous man, blameless in his (evil) generation; Noah walked (in habitual fellowship) with God. Gen. 6:9 – Amplified Bible.

Torah : **Genesis 6:9 tot 11:32**

Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5

Hernieude Verbond: Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 2 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah2Notas14.pdf of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

God's law is a thing of beauty because it's an expression of who he is – Izzy Avram

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoefer

Midrash (Torah Bespreking)

Balans Tussen Genade en Oordeel

Wanneer ons Torah, en die Skrifte in geheel bestudeer, is dit belangrik om te onthou dat die Naam YHVH gewoonlik verband hou met erbarming, deernis en medelye, m.a.w. met YHVH se genade (onverdiende guns). Die titel (en hoedanigheid) van YHVH as God (Elohiem) hou meestal verband met geregtigheid en regverdigheid, m.a.w. met YHVH se oordeel. Dit beteken dat telkens waar die

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

ware Naam, YHVH, in die Skrifte gebruik word, is dit genadeverwant en waar God (Elohiem) gebruik word, het dit te doen met oordeel.

Ons moet ook onthou dat daar ‘n balans is tussen YHVH se genade en oordeel. Dit kan soos volg voorgestel word.



Ons lees dat *Noag het met God (Elohiem) gewandel* (Gen. 6:9). Dit beteken dat toe YHVH-God se oordeel op hande was, was Noag ‘n regverdige, opregte man onder sy tydgenote.

Daar sal tye wees wat YHVH se genade ‘swaarder weeg’ as YHVH se oordeel, maar daar sal egter tye wees waar God se oordeel swaarder sal weeg!! Maar uiteindelik sal genade en oordeel ewe swaar weeg, want YHVH is getrou en regverdig.

As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1 Joh. 1:9 – PWL.

Want YHVH is regverdig; Hy het geregtighede lief; die opregtes sal sy aangesig sien. Ps. 11:7

In geregtigheid het U u getuienisse beveel en in louter trou. Ps. 19:138

Jy moet dan weet dat YHVH jou God, God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Deut. 7:9

YHVH is nie net getrou en vertrouenswaardig ten opsigte van Sy beloftes van seëninge nie, maar ook getrou ten opsigte van Sy oordele (vloeke) van diegene wat die verbond verbreek, naamlik nie nougeset volgens Torah handel nie.

Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplig bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam. Deut. 28:1 en 2 – PWL.

Dit sal egter gebeur as jy יהוה*, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy reëls doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig.*
Deut. 28:15 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Die Christendom is geneig om YHVH se genade tot so ‘n mate oor te beklemtoon dat daar nooit gepredik word oor God se oordele vir ongehoorsaamheid nie. Vergelyk dit met Islam waar geloof in Allah weinig genade bevat, maar slegs oordeel. Dit is die wortel van genadeloosheid wat geboorte skenk aan *Sharia* (morele en godsdienstige wette van Islam) en Islamitiese ekstremiste groepe! So ook is die gevolg van die genade-boodskap van die Christendom dikwels die oorsaak tot wetteloosheid (Torahloosheid)!

2. *Sin does not become righteousness because it is accepted by the majority.* Genade is nie ‘n vrypas tot sonde nie!! Verwys Rom. 6:1 en 2.

Genade Onbeskryflik Groot

Aan die begin van parashah 2 moet ons egter Gen. 6:8 (die laaste vers van parashah 1) saam met vers 9 lees:

*Maar Noag het **genade (guns)** gevind in die oë van YHVH.*

Genade (Hebreeus: *chen* vanaf die grondwoord *chanan*) beteken *onverdiende guns* en dit is *om met welwillendheid vooroor na ‘n ondergeskikte te buig en guns te verleen* (*bied*).

Maar kom ons lees weer Gen. 6:9 (1933 vertaling):

*Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was ‘n **regverdige**, **opregte** man onder sy tydgenote. Noag het met God **gewandel**.*

- *Regverdig* (Hebreeus: *tzaddik*) beteken om onskuldig in die oë van YHVH te wees. Gen. 7:1 is bevestiging:

  יהוה *het vir Noag gesê: “Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.*

- *Opreg* (Hebreeus: *tamim*) beteken volmaak, met integriteit en vlekkeloos. In Matt. 5:48 sê Yeshua dat ons volmaak (geestelik volwasse, vlekkeloos; iemand met integriteit) moet wees.

- *Gewandel* (Hebreeus: *halak / halach*) beteken ‘n handeling wat van Noag se kant gekom het. Noag het dus gekies om saam met YHVH te wandel – dit ten spyte van ‘n verdorwe samelewing (Gen. 6:11 en 12).

Opsommend: Volgens Gen. 6:8 en 9 leer ons dat genade, geregtigheid en opregtheid net so deel van die ou verbond was as van die hernieude verbond! Noag is op grond van genade regverdig verklaar en het as geregverdigde volgens YHVH se onderrig (wette) geleef!

Onthou: Die mens se wil is egter soewerein!! YHVH kan nie die mens se wil verander nie, maar kan dit slegs beïnvloed deur omstandighede te skep wat die mens kan ‘dwing’ om die

regte keuses te maak. In Noag se tyd het elke mens dus die keuse gehad om saam met YHVH te wandel en ook, soos, Noag, regverdig en opreg verklaar te word.

Noag kon ook soos ons vandag sê: Genade onbeskryflik groot!!

'n Meer volledige artikel oor YHVH se genade kan afgelaai word deur op die volgende skakel te kliek**:** **Genade Groot**

Bepeins of Bespreek

1. Op grond van wat is Noag regverdig verklaar? Het hy geleef volgens YHVH se onderrig en instruksies soos dit aan hom bekend was? Het hy geglo in die profetiese belofte van Gen. 3:15? Onthou Noag se voorgeslagte het die gebeure in die Tuin van Eden van geslag tot geslag oorgedra.

2. Daar is tien geslagte van Adam tot Noag. YHVH se verlossingsplan is opgesluit in die betekenis van hierdie name (Engels):

   Adam: man
   Seth (Set): appointed, foundation
   Enosh (Enos): mortal
   Kenan: sorrow
   Mahalalel: blessed one
   Jared (Jered): will come down
   Enoch (Henog): teaching
   Methuselah (Metusalag): (that) his death will send
   Lamech (Lameg): the hidden King (despairing)
   Noah (Noag): Rest (comfort)

   Indien die betekenis van hierdie name bymekaar gevoeg word, vertel dit die volgende*: Man (Adam) is an appointed (Set) mortal (Enos) in sorrow (Kenan), but our blessed One (Mahalalel) will come down (Jered) teaching (Henog) that His death will send (Metusaleg) the hidden King's (Lameg) rest (comfort) (Noag).*

3. Sou jy vir mense vertel dat jy glo dat die wet (die Torah) van YHVH nie opgehef is nie, dan is hulle gou om jou mee te deel dat jy van die genade verval het. Volgens hierdie siening is iemand wat bely dat hy deur geloof in Yeshua as die Messias gered is, maar glo dat die tien gebooie steeds die wil van YHVH vir die mens is, sy redding kwyt, want hy sou dan kwansuis YHVH se genade verwerp het. Is dit waar? Is dit nie juis diegene wat beweer dat hulle vry van die wet is wat Vader-God se genade in Yeshua verwerp nie? Onthou: Sonde is om YHVH se Torah te oortree (1 Joh. 3:4) en wat gebeur met die wat doelbewus sondig (Heb. 10:26 tot 29)?

4. Wat is van die belangrikste lesse wat ons uit hierdie week se parashah leer?

   - Moenie 'die boot verpas nie', want daar gaan 'n dag kom wat YHVH-God weer die aarde en die mens gaan oordeel!! Is YHVH se genade tydperk nie vinnig besig om tot 'n einde te kom nie? Vergelyk Matt. 7:13 tot 23, veral verse 13, 14 en 21 tot 23. In die dae van Noag was daar min regverdiges en in die einde van tye sal daar ook min regverdiges wees (Matt. 7:13 en 14; Matt. 7:21 tot 23)! Is jy besig om vir jou 'n 'ark' van redding te bou? Is geloof in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid jou 'ark' wat jy bou?

I bet you there will be people in hell saying, 'I thought there was no condemnation for those in Christ Jesus.' – G.A. Jarquin.

- Volgens YHVH se plan is daar ‘n siklus van ‘n skepping wat vernietig word en herskep (herstel) word. Dit was in die dae van Noag so en dit sal herhaal word. Verwys Jes. 46:9 en 10.

3. Verwysend na *Noag het met God* ***gewandel*** (Gen. 6:9) word daar volgens Rabbynse Judaïsme[2] verwys na die *Halacha* (*Halakhah*), naamlik die voorskrifte vir ‘n leefwyse van Torah-gehoorsaamheid wat in die Talmud opgeteken is. Dit word ook beskou as die “Joodse wette”. Letterlik: *The path that one walks. Jewish law. The complete body of rules and practices that Jews are bound to follow, including biblical commandments, commandments instituted by the rabbis, and binding customs* (Judaism 101; http://www.jewfaq.org/toc.htm). Maar onthou: By YHVH se geskrewe Torah mag ons niks byvoeg of weglaat nie (Deut. 4:2; Open. 22:18)!! Die gevaar van Rabbynse Judaïsme is dat die gesag van die Rabbies dikwels bo die onderrig en instruksies van Torah gestel word. Is jy bewus van hierdie gevaar? Ons volg Torah en nie die Talmud nie!! Ons kan egter nie Talmud heeltemal verwerp nie, want daarin is baie wysheid en openbaringe. Ons moet egter deeglik in Torah onderrig wees sodat ons die vis van die grate in Talmud kan skei!

4. Gen 6:11 – *Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol* ***geweld*** (Hebreeus vir geweld is *chamas* (חמס) en beteken geweldadigheid, verkeerdhede, wreedheid en onregverdigheid. Is hier ‘n verband met die huidige Hamas terroriste organisasie? Is Hamas deel van YHVH se oordeel van Israel? Verwys ondermeer Amos 1 en 2.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat Shalom in Yeshua.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

[2] *"Rabbinic Judaism" is the Judaism of the first millennium CE, beginning approximately with the 2nd century.*